

Hoofstuk van die dag: 2 Samuel 24

Nadat hy die volk laat tel het, het Dawid se gewete hom gekwel. Hy het teenoor die Here bely: “Ek het swaar gesondig met wat ek gedoen het. Vergewe tog nou my oortreding, Here! Waarlik, ek het baie dwaas opgetree.” (vers 10)

Israel was God s'n. Dawid was wel die koning, maar hy was dit by God se grasie, en die volk het nie aan hom behoort nie. Tog laat Dawid sy onderdane tel om sy seggenskap oor die volk te bevestig. Selfs Joab besef dat dit verkeerd was (vers 3). Dawid se sonde was dat hy oor Israel begin dink het as sýne. Sý land, sý mense, sý onderdane. Iewers het God se gawe in sy eie kop opgehou om 'n geskenk te wees, en het hy daarop beslag gelê.
Die Israeliete het dieselfde gedoen. Hulle het gedink dis húlle land, en hulle kan self besluit wie hulle koning moet wees. Daarom het hulle niks daarvan gedink om Absalom as koning uit te roep en so die Here se gesalfde te verwerp nie. Dit verklaar hoekom die pes die volk tref, en nie vir Dawid nie.
Hierdie verhaal gaan oor die vraag waar God inpas in mense se lewens. Behoort jou lewe en jou wêreld aan Hom?

Naskrif: Môre begin ons DV met 1 Timoteus.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026